# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## Sosiologie 220 (SOC 220)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Programme** | BA Geesteswetenskappe |
| | BA Regte |
| | BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur |
| | BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing |
| | BA Tale |
| | BPolSci Internasionale Studies |
| | BPolSci Politieke Studies |
| | BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies |
| | BSW Maatskaplike Werk |
| | BTRP Stads- en Streekbeplanning |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Voorvereistes** | SOC 110, SOC 120(GS) |
| **Kontaktyd** | 1 tutoriaal per week, 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Sosiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Deel 1: *Demografie, gesondheid en die samelewing*
Hierdie afdeling ondersoek die dinamiese interaksie tussen demografie en gesondheid aan die hand van Suid-Afrikaanse en internasionale gevallestudies. Die betekenisvolle toename in die wêreldbevolking gedurende die vorige eeu vermeervoudig die sleuteluitdagings wat kontemporêre samelewings in die gesig staar. Die wisselwerking tussen demografiese prosesse, soos morbiditeit, mortaliteit, fertiliteit en mobiliteit, het 'n impak op die grootte van 'n bevolking. Net so word hierdie faktore weer tot 'n redelike mate deur die struktuur sowel as die kulturele konteks van 'n samelewing gevorm. Sentraal tot hierdie proses is besorgdhede oor gesondheid en siekte.

Deel 2: *Kultuursosiologie*

Hierdie afdeling ondersoek temas in kultuursosiologie met 'n fokus op die wyses waarop individue sowel as kollektiewe groeperinge in die alledaagse lewe betekenis konstrueer. Die wisselwerking tussen kultuur en institusionele vorme sowel as sosiale strukture kom ook onder die loep. Studente sal aan die werk van sleuteldenkers in die veld bekendgestel word en kry die geleentheid om 'n onafhanklike essay oor 'n tema in kultuursosiologie te skryf.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.